Ontmoeting 7

Lidia

Kinders leer dat die Goeie Nuus vir almal bedoel is.

Teks: Handelinge 16:14–15, 40
Hulpmiddels:

- Pers ballonne/balle/boontjiesakke
- Vissies uit karton geknip (verskillende kleure) met ŉ skuifspeld in elkeen se bek
- Magnete aan toutjies om as "visstokke" te gebruik
- Druk die vrae uit en sny dit los sodat die kinders dit vanaf die papiertjies vir "Lidia" kan vra. Nommer die papiertjies duidelik dat die kinders mooi weet in watter volgorde dit gevra moet word.
- Afdrukke van die inkleurprent
- Afdrukke van die "Soek die verskille" aktiwiteit
- Wees kreatief en bring gerus pers linte, blinkers, ens. saam vir kinders om die aktiwiteit te versier.
- Ou tydskrifte

Welkom

Laat die kinders 2 – 2 staan of in een groot groep of selfs net in kleiner groepies (kan ouderdomsgerigte groepe wees) en vir mekaar die ballon saggies slaan. Elke keer as jy die ballon slaan, moet jy een goeie ding van Jesus noem, bv. "Hy is goed vir my", "Hy is lief vir my", "Hy het vir my aan die kruis gesterf"... Kinders kan ook in parallelle rye staan en die ballon op ŉ "zig-zag" manier vir mekaar "aangee"/slaan.

Maak vooraf ŉ "rivier" in jou lokaal deur bloot ŉ lyn te trek met blou tou, wol of maskeerband. Plaas die vissies daarin. Gee die kinders kans om met die "visstokkies" elkeen ŉ vis te vang. Gee die volgende opdragte terwyl elkeen met sy vis langs die rivier sit:

- Almal met rooi visse: Staan op en kies een maatjie wat jy nog nie gegroet het nie en "high five" hom.
- Almal met pienk visse: Staan op en sê vir almal een ding wat vir jou lekker was die week.
- Almal met pers visse: Sê vir almal een mooi ding van Jesus.
- Almal met blou visse: ...

Vandag gaan ons leer van ŉ vrou wat by die rivier was op ŉ Sabbatdag. Sy het ook iets daar gekry, maar dit was nie ŉ vis nie! Sy gaan kastig by ons kom kuier en ons gaan iets by haar leer.

Wyding

Stilword-ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

Gebruik ŉ besoeker of ŉ pop om die storie te vertel.

Kort hersiening van die kwartaal:
Hierdie kwartaal het ons geluister na verhale van vreemde vroue in die Bybel. Ons het al van susters gehoor met vreemde name (Magla, Noa, Gogla, Milka, Tirsa) en van 2 vroue met vreemde werke (profete Debora en Gulda). Toe het ons na ŉ vreemde storie geluister oor ŉ arm weduwee wie se 2 munte vir Jesus baie meer werd was as die ryk mense se geld. Daarna het ons ŉ vreemde vrou ontmoet wat ŉ vreemde geskenk vir Jesus gegee het (Maria). Verlede keer het ons gehoor van die vreemde vrou "Tabita" met wie iets baie vreemds gebeur het. Kan julle onthou? (Petrus het haar laat opstaan uit die dood; sy het weer gelewe!)

Vandag ontmoet ons ons laaste "vreemde vrou".
Aanbieder: Maats, om materiaal pers te kleur, was in die ou dae nie maklik nie. Dit was baie duur en net die rykste mense sou dit kon koop. Die kleursel wat gebruik was om materiaal te kleur, is van ŉ spesifieke tipe skulpvis gekry. Die kleursel is wit solank dit in die vis se are is, maar sodra dit aan die son blootgestel word, verkleur dit in helder pers en rooi kleure. Dit is vreeslik baie werk om genoeg van daardie skulpvis te vang om net een stuk materiaal te kleur. Daarom was die materiaal baie, baie duur. Daar was ŉ vrou wat pers materiaal verkoop het. Ja, dit is vreemd, want vrouens was in daardie tyd nie toegelaat om goed te maak en te verkoop nie. Haar naam was Lidia. Behalwe dat sy hierdie ongelooflike werk gedoen het, was daar nog iets spesiaal wat met haar gebeur het.
Lidia kom kuier vandag by ons, maar ek wil vir julle die kans gee om vir haar ŉ paar vragies te vra. Wie wil my kom help? *(Kies 8 kinders. Deel aan elke kind ŉ vraag uit. Lidia stap in en die aanbieder vra die kinders om haar te verwelkom. Sy dra pers klere of sommer net ŉ pers band om haar kop, en het ook paar stukke pers lap by haar.)*
Aanbieder: Welkom, Lidia! Ek is (aanbieder se naam). Die maats wil graag meer oor jou uitvind. Hulle gaan vir jou ŉ paar vragies vra terwyl jy vandag hier by ons kuier. Ek hoor jy is ŉ baie bekwame en spesiale vrou. Daar is baie meisies en jong vroue wat jou bewonder.
Lidia: Dankie! Julle is welkom om vrae te vra.
Vraag 1: Kan jy asseblief vir ons vertel waar jy vandaan kom en wat jy doen?
Lidia: My naam is Lidia en ek het op die dorp Tiatira grootgeword. Maar later het ek Fillippi toe getrek. (Fillippi is vandag in Griekeland). Ek is ŉ besigheidsvrou. Ek maak, koop en verkoop duur purper (pers) materiaal, soos julle sien.
Vraag 2: Nou, as dit so duur is, wie koop dit dan?
Lidia: Net die koning se familie en die Romeinse senators wat ŉ pers band om die soom van hul klere moet dra.
Vraag 3: Sjoe, dan is al die mense met wie jy werk, ryk en belangrike mense, nè!
Lidia: Ja, dit is so, maar jy moet onthou dat alles nie sommer net gebeur nie. Ek gee om en sorg goed vir almal wat vir my werk en hulle doen hulle heel beste werk wat hulle kan. Dit maak dat die werk wat ons vir ander mense doen, die heel beste in Tiatira is. En dan vertrou ek natuurlik op God om my te help.
Vraag 4: Van wanneer af ken jy vir God en waar het jy van Hom gehoor?
Lidia: Ek het nog altyd van God geweet en vir Hom gebid, maar ek het nooit van sy Seun, Jesus Christus, geweet nie. Tot op daardie een spesifieke dag wat baie spesiaal was. Daardie dag het my lewe verander.
Vraag 5: Sal jy vir ons vertel hoe dit gebeur het?
Lidia: Dis eintlik 'n langerige storie, maar ek vertel jou baie graag. Ek en ŉ paar vriendinne het een Sabbatdag buite die stad by die rivier gesit en gebid. Terwyl ons besig was, kom daar vier mans aan. Toe ek hoor die een man se naam is Paulus, was ek baie op my senuwees. Almal het geweet dat Paulus almal wat in ŉ man met die naam Jesus geglo het, laat doodmaak het. Saam met hom was sy vriende Silas, Timoteus en Lukas. Ek het hulle eers baie mooi bekyk, want hulle was vreemde mense en mans het nie gewoonlik by ŉ groep vroue gaan sit en met hulle gesels nie. Maar toe sien ek dat daar liefde en ŉ soort vrede in Paulus se oë is. Hulle het vir ons begin vertel van die Goeie Nuus oor Jesus.
Vraag 6: Maar wat was die Goeie Nuus?
Lidia: Die Goeie Nuus wat hy vertel het, was dat God die hele wêreld so lief het, dat Hy sy Seun, Jesus Christus, aarde toe gestuur het om vir ons sonde te kom sterf. Dit was die eerste keer dat ek gehoor het hoe vreeslik lief God my het en ek wou nog meer en meer weet. Toe vertel Paulus vir my dat Jesus nie dood gebly het nie. Na 3 dae het Hy weer lewendig geword en dat Hy nou by God in die hemel is. En dat almal wat glo dat Jesus vir hulle sonde gesterf het, eendag saam met Hom in die hemel gaan wees.
Vraag 7: En het jy hom sommer net so geglo?
Lidia: Aan die begin het ek self gewonder of die storie waar is, maar hoe meer hy my vertel het, hoe meer het ek agtergekom dat Jesus regtig die Verlosser is wat die profete voorspel het. Ek kon nie ophou om te luister hoe hulle

vertel van God se liefde nie en net daar het Jesus die belangrikste persoon in my lewe geword. Ek en my hele gesin is sommer net daar gedoop omdat ons geglo het Jesus is die Verlosser.

Vraag 8: Wat het daarna gebeur?

Lidia: Man, ek het nog sooooo baie vrae gehad wat ek hulle nog wou vra. Toe nooi ek sommer die manne uit om die nag in my huis te slaap sodat ek vir hulle alles kan vra wat ek nog wou weet. Ek dink hulle ore het later getuit van al die vrae!

Aanbieder: Ja maats, Lidia is daarvoor bekend dat sy baie gasvry is en graag ander mense help. In Handelinge 16:40 lees ons dat Paulus en Silas kort daarna in die tronk gegooi is en toe hulle uit die tronk uit kom, het hulle direk na haar huis toe gegaan waar hulle nog gelowiges ontmoet het. Wat het jy gedoen dat daar so gou ander gelowiges bymekaar gekom het?

Lidia: Ek kon natuurlik nie uitgepraat raak oor alles wat ek geleer het nie. Oral waar ek gekom het en almal met wie ek te doen gekry het, moes hierdie Goeie Nuus hoor.

Aanbieder: Lidia, baie dankie dat jy ons soveel vertel het. Ek kan sien dat jy iemand is wat sommer oorborrel van God se liefde. Jy is iemand wat so maklik kan dink jy is beter as ander mense omdat jy so suksesvol en ryk is, maar ek sien jy is steeds 'n nederige mens wat graag ander help en wat altyd vir Jesus die belangrikste in jou lewe stel. Totsiens.

Lidia: Totsiens! Dis altyd lekker om met mense oor Jesus te praat.

Aanbieder: Is dit nie vreemd dat hierdie suksesvolle besigheidsvrou bereid was om Christene haar vriende te maak nie? En dat sy haar huis oopgestel het om almal gasvry en welkom te laat voel nie?

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat dink jy van Lidia.
2. Ek wonder wat is vir jou die beste deel van hierdie verhaal.
3. Ek wonder hoe jy mense kan laat welkom/spesiaal voel.
4. Ek wonder of jy iemand ken wat soos Lidia is, wat glo Jesus is die Verlosser en dit met ander deel.

Werskaf

- Inkleurprent: Lidia kleur lap pers
- "Soek die verskille" aktiwiteit
- Laat kinders klere uitknip uit tydskrifte en dit ophang op 'n "wasgoedlyn". Die wasgoedlyn kan geteken word, of elke kind kry 'n stukkie tou/wol daarvoor.

Sluit af met die seënbede

Die kinders sit of staan in 'n sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regterhand se palm is bo die ander kind se linkerhand se palm. Laat hulle oefen om 'n seënwens aan te gee: Iemand begin om hul regterhand oor te beweeg na links en dan liggies in sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die seënbede in die rondte aan. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is BOKANT jou om jou te seën; **En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.**

Lidia kleur lap pers om te verkoop

Soek 12 verskille tussen die 2 prente:

Vraag 1	Kan jy asseblief vir ons vertel waar jy vandaan kom en wat jy doen?
Vraag 2	Nou, as dit so duur is, wie koop dit dan?
Vraag 3	Sjoe, dan is al die mense met wie jy werk, ryk en belangrike mense, nè!
Vraag 4	Van wanneer af ken jy vir God en waar het jy van Hom gehoor?
Vraag 5	Sal jy vir ons vertel hoe dit gebeur het?
Vraag 6	Maar wat was die Goeie Nuus?
Vraag 7	En het jy hom sommer net so geglo?
Vraag 8	Wat het daarna gebeur?